10 Junie **Skrifgedeelte: Handelinge 18:18-19:7**

Die volle waarheid

Paulus begin nou sy derde sendingreis. Aanvanklik volg hy dieselfde roete as tydens sy tweede reis, naamlik deur die stede Derbe, Listra, Ikonium en Antiogië. Dan gaan hy weswaarts deur Asië en kom in Efese aan (19:1). Hier werk hy van die somer van 52 nC tot Pinkster in 55 nC. Lukas vertel eers van Christene wat sekere belangrike elemente in hulle geloofsmondering kortgekom het.

Eers ontmoet ons Apollos, ‘n Alexandrynse Jood en ‘n baie geleerde man. Hy was ‘n kenner van die Ou Testament en ‘n vurige prediker, maar hy het nie die volle rykdom van die evangelie geken nie. Hy het nog net van die doop van Johannes die Doper geweet. Ons moet onthou dat die Doper vóór Jesus se kruisiging gesterf het en Apollos was dalk ‘n Johannes-dissipel of deur Johannes-dissipels in Alexandrië onderrig. Hoe dit ook al sy, Priscilla en Akwilla neem hom onder hande en maak hom die volle raad van God omtrent Jesus bekend (vers 26). Eenvoudige tentmakers (vgl 18:3) onderrig ‘n geleerde man. So gebeur dit soms in die kerk van die Here dat nie boekgeleerdheid nie, maar die wysheid van God in Christus geld.

In Efese aangekom, tref Paulus ‘n twaalftal gelowiges aan wat dieselfde tekortkoming as Apollos in hulle kennis van Christus openbaar. Hulle is slegs met die doop van Johannes gedoop en weet niks van die Heilige Gees nie (verse 2-3). Nadat Paulus hulle volledig onderrig het (vers 4), het hulle die Christelike doop ondergaan. Hulle ontvang ook die Heilige Gees ná handoplegging, met die bekende gepaardgaande tekens (vers 6). Die doop en die ontvangs van die Heilige Gees sê dat ook hierdie “sektegroepie” wat voorheen langs die hoofstroom van die kerklike lewe gestaan het, nou amptelik deel geword het van die kerk van Christus. Hulle is net so welkom as die Samaritane en die heidene.

God se huis moet vol word. Hoe moet dit gebeur? Deur die verkondiging van die volle raad van God word mense volledig by kerk ingeskakel. In 1 Korintiërs 3:6 vertel Paulus dat hy geplant en Apollos natgegooi het, maar dat dit God is wat laat groei. Wanneer God die groei nie gee nie, dan is al ons geplant en natmaak tevergeefs. Waar Christus wil dat daar groei kom, daar kan ons arm en swak en siek wees. Hy het baie mense in elke stad wat aan Hom behoort (18:9). Wie weet, wanneer ons self nie so slim en sterk en vindingryk is nie ... Wie weet, wanneer ons arm en swak genoeg is, ook in ons stad … dan is ons ‘n groot volk vir die Here!

Sing: Psalm 65:3 Prof F Denkema (Potchefstroom)